No 19 - 2013] Fifth Session, Fourth Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

========================

THURSDAY, 12 SEPTEMBER 2013

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:18] Interpellations.

4. [14:42] Questions.

5. [15:50] Statements by Members.

6. [16:16] Ms L Brown moved without notice: That the House notes that today is the commemoration of the death of Mr Stephen Bantu Biko, who, while imprisoned, was killed 36 years ago in 1977 at the age of 31 by the apartheid regime.

   Agreed to.

7. Mr J J Visser moved without notice: That the House congratulates the athletes Zark Visser and Kgotso Mokoena on their recent achievement at a Diamond League meeting in Europe, where they came first and second respectively, in the long jump for men.

   Agreed to.

8. Ms V Hani moved without notice: That the House notes with concern that, according to statistics supplied by Missing Children SA, a total of sixty (60) children have already gone missing in the Western Cape this year.

   Agreed to.

9. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House congratulates the four (4) learners of Zwaanswyk Primary School in Retreat, Yusra Mallum, Hlanganisa Tembile, Ashanti Mesias and Jezane September, on winning the Growsmart Literacy competition over the weekend and thereby increasing the funds of their school by R250 000.

   Agreed to.

10. Ms D Gopie moved without notice: That the House extends its condolences to the family of four (4) month old baby, Fadiel Louw, who died because of exposure to the cold in Valhalla Park.

    Agreed to.

11. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates Constable C Ntetha of Lwandle SAPS detectives, who received the national Detective of the Year Award for 2013.

    Agreed to.

12. Ms M Tingwe moved without notice: That the House notes with concern that a teacher in Delft who racially abused black learners has merely been suspended and relocated to another school.

    Agreed to.

13. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House congratulates Professor Allan Morris, an anthropologist of the University of Cape Town, on the award that he received from the American Anthropological Society for his book, *"Missing and Murdered: A personal Adventure in Forensic Anthropology"*, and notes that Prof Morris will receive the award in Chicago in November.

    Agreed to.

14. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House congratulates Lucas Sithole, who became the first African player to win a Grand Slam Wheelchair Tennis title in the finals of the American Open Tennis Tournament on Sunday, 8 September 2013 in New York.

    Agreed to.

15. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House congratulates one of the premier tourist attractions of the Western Cape, the Stellenbosch Wine Route, on its nomination as Wine Region of the Year in the 2013 Wine Star Awards.

    Agreed to.

16. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates provincial officer S P I Kotze, who singlehandedly effected an arrest of two male suspects on the N2 on Tuesday night, and in the process seized 38 bags of 20kg each filled with perlemoen valued at over R1 million. That the House further notes that the Western Cape continues to be the only province providing a 24-hour provincial traffic policing capacity.

    Agreed to.

17. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House, noting that September is Heritage Month, emphasises the tragic events in which seven (7) girls and two (2) women lost their lives in a tragic bus accident on their way back from Nyokeni Palace in KwaZulu-Natal, and that 60 (sixty) girls were also injured in this accident, and that the House extends its sympathy to the families, friends and the communities of all those involved.

    Agreed to.

18. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates Martyn Groenewald and Ethan Paulse, both from the Western Cape, who formed part of the South African intellectually impaired swimming team that took part in the INAS world swimming championships in Noumea last month.

    Agreed to.

19. [16:27] The House discussed the following subject in the name of Ms L Brown:

    The undermining of women in the Western Cape.

    Debate concluded.

20. The House adjourned at 17:35.

R G HINDLEY
Secretary to Provincial Parliament

No 19 - 2013] Vyfde Sessie, Vierde Parlement

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 12 SEPTEMBER 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:18] Interpellasies

4. [14:42] Vrae.

5. [15:50] Verklarings deur Lede.

6. [16:16] Me L Brown stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis daarvan kennis neem dat dit vandag die herdenking is van die dood van mnr Stephen Bantu Biko, wat 36 jaar gelede, terwyl hy in 1977 in gevangenskap was, in die ouderdom van 31 jaar aan die hand van die apartheidsregime gesterf het.

   Goedgekeur.

7. Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die atlete Zark Visser en Kgotso Mokoena gelukwens met hul onlangse prestasie by ’n Diamantliga-byeenkoms in Europa, waar hul onderskeidelik eerste en tweede gekom het in die verspring vir mans.

   Goedgekeur.

8. Me V Hani stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem daarvan dat daar, volgens statistieke wat deur Missing Children SA verskaf is, vanjaar reeds ’n totaal van sestig (60) kinders in die Wes-Kaap weggeraak het.

   Goedgekeur.

9. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vier (4) leerders van die Laerskool Zwaanswyk in Retreat, Yusra Mallum, Hlanganisa Tembile, Ashanti Mesias en Jezane September, gelukwens met hul prestasie in die Growsmart-geletterdheidskompetisie, wat hulle die naweek gewen het en so daarin geslaag het om die fondse van hulle skool met R250 000 te vergroot.

   Goedgekeur.

10. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye oordra aan die familie van Fadiel Louw, die vierjaaroue baba wat in Valhalla Park gesterf het weens blootstelling aan die koue.

    Goedgekeur.

11. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan konstabel C Ntetha van die speurtak van die SAPD in Lwandle, wat die toekenning ontvang het as die nasionale Speurder van die Jaar vir 2013.

    Goedgekeur.

12. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem daarvan dat ’n onderwyser in Delft wat swart leerders beledig het op ’n wyse waarin ras ’n rol gespeel het, bloot geskors is en in ’n ander skool herontplooi word.

    Goedgekeur.

13. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis professor Allan Morris, antropoloog aan die Universiteit van Kaapstad, gelukwens met die bekroning van sy boek, *“Missing and Murdered: A personal Adventure in Forensic Anthropology”* deur die Amerikaanse antropologie-vereniging, en dat prof Morris die toekenning in November in Chicago gaan ontvang.

    Goedgekeur.

14. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan Lucas Sithole, wat die eerste speler uit Afrika geword het wat ’n Grand Slam-titel gewen het in rystoeltennis in die finaal van die Amerikaanse Ope Tennistoernooi, wat op Sondag, 8 September 2013, in New York plaasgevind het.

    Goedgekeur.

15. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan een van die voorste toeristeattraksies van die Wes-Kaap, die Stellenbosse Wynroete, met die benoeming van dié streek as Wynstreek van die Jaar in die Wine Star toekennings van 2013.

    Goedgekeur.

16. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan die die provinsiale verkeersbeampte S P I Kotze, wat Dinsdagnag die inhegtenisneming van twee manlike verdagtes op die N2 eiehandig bewerkstellig het, en in die proses beslag gelê het op 38 sakke vol perlemoen van 20kg elk, waarvan die waarde op meer as R1 miljoen geraam word. Dat die Huis voorts daarvan kennis neem dat die Wes-Kaap steeds die enigste provinsie is waar verkeerspolisiëring 24 uur per dag beskikbaar is.

    Goedgekeur.

17. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis, terwyl daarvan kennis geneem word dat September Erfenismaand is, sterker klem plaas op die gebeure waarin sewe (7) meisies en twee (2) vroue die lewe gelaat het in ’n tragiese busongeluk op pad terug van Nyokeni-paleis in KwaZulu-Natal, en ook daarop let dat 60 (sestig) meisies in dié ongeluk beseer is, en dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die families, vriende en gemeenskappe van al die mense wat by dié tragiese gebeure betrokke is.

    Goedgekeur.

18. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan Martyn Groenewald en Ethan Paulse, albei van die Wes-Kaap, wat deel uitgemaak het van die Suid-Afrikaanse span vir intellektueel gestremde swemmers wat verlede maand aan die INAS-swemkampioenskap in Noumea deelgeneem het.

    Goedgekeur.

19. [16:27] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van me L Brown:

    Die ondermyning van vroue in die Wes-Kaap.

    Debat afgesluit.

20. Die Huis verdaag om 17:35.

R G HINDLEY
Sekretaris van die Provinsiale Parlement